SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: RAPPORT
Date: 14-Mar-2004
Topic: 19
Ref No: 1664
1
ID: 03062341-01
Source Page: 8

LANDBOU

# Mielie-spekulante se fut gou uit

JOHANN VAN TONDER

Fundamentele faktore bepaal op lang termyn die prys van landboukommoditeite.

Dit is die bevinding van 'n pas voltooide ondersoek deur prof. Johann Kirsten, voorsitter van die Voedselprysmoniteringskomitee en hoof van die departement van landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, en sy kollega me. Michela Cutts.

Die ondersoek is gedoen na aanleiding van bewerings dat spekulante die hoofoorsaak is van die groot skommelings in landboupryse. 'n Debat daaroor woed sedert 2002 ná die skerp styging en skommeling in pryse op die landboukommoditeitemark van die JSE Sekuriteitebeurs SA (voorheen bekend as Safex).

Die aangeleentheid is deurtastend gedebatteer in die ondersoeke van die Voedselprysmoniteringskomitee en in talle voorleggings aan die komitee is beweer dat spekulante vir die beweging in landboupryse verantwoordelik was.

Die ondersoek was daarop toegespits om vas te stel in hoe 'n mate fundamentele faktore die pryse bepaal omdat dit 'n manier is om spekulante se invloed op landboupryse te bepaal.

Kirsten en Cutts sê in die lig daarvan dat die daaglikse pryse baie skommel en dat talle nie-meetbare faktore die daaglikse kontantprys beïnvloed, is dit baie moontlik dat spekulatiewe handel pryse vir 'n kort tydperk in 'n sekere rigting kan druk.



Prof. Johann Kirsten

Om te bepaal of spekulante op lang termyn 'n invloed op die neiging van pryse het, is die maandelikse gemiddelde Safex-prys van witmielies in die berekening gebruik (en nie die korttermyn-, oftewel daaglikse, prys nie). Alle fundamentele faktore wat 'n invloed op die prys kon uitoefen, is toe in 'n model saamgevoeg, wat die Safex-kontantprys van witmielies kan navolg.

Dus, indien die model se vooruitskattingsvermoë hoog is, kan aangeneem word dat fundamentele faktore 'n groot invloed het op die kontantprys van witmielies op middel- tot lang termyn, terwyl die invloed van spekulante klein is.

En die model se vooruitskattingsvermoë was baie hoog – 89%. Dit beteken dat die model nie net die neiging van die prys goed verklaar nie, maar ook die prys self.

Die fundamentele faktore wat in die model opgeneem is (en dus vir die groot verklaring in die prys verantwoordelik is), sluit in die termynmarkprys van mielies van die Chicago-handelsraad, die wisselkoers, maandelikse reënval in graanproduserende streke, voorraadvlakke en brandstofpryse.

Kirsten en Cutts sê die twee faktore wat die grootste uitwerking op die langtermynneiging van die Safex-prys van witmielies het, is die wisselkoers en voorraadvlakke. Met ander woorde, die faktore bepaal die algemene rigting waarin die prys gaan beweeg.

Ander faktore wat naas die sterk invloed van die wisselkoers en voorraadvlakke ook 'n uitwerking het, is (in die rangorde van sterkste na swakste invloed) die Chicago-prys, reënval en die prys van diesel.

Kirsten en Cutts sê hoewel spekulante nie 'n groot invloed op die maandelikse gemiddelde kontantprys van witmielies het nie (maar wel vir kort tydperke 'n invloed kan hê), sal soortgelyke ontledings gedoen moet word om te bepaal of fundamentele faktore ook die oorheersende rol speel in die bepaling van die pryse van ander kommoditeite soos sonneblomsaad.